Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 35 NO 03 • MAY / JUNE 2021



## MARKMONITOR: DIE EERSTE DRIE MAANDE VAN 2021 OP VARSPRODUKTEMARKTE

## POTATO TUBER MOTH INSECTICIDES, MODES OF ACTION, AND SENSIBLE USE

**Mechanisation training for Limpopo producers**

**PSA's roll-out of its mass media campaign**

**Limpopo-kultivarproef onder besproeiing: Dendron**




# Markmonitor: Die eerste drie maande van 2021 op varsproduktemarkte

Deur Janó Bezuidenhout en Pieter van Zyl, Aartappels SA

Gedurende die eerste 13 weke van 2021 was die gemiddelde aartappelmarkprys redelik wisselvallig. *Figuur 1* dui die weeklikse gemiddelde prys op alle markte vir alle klasse aan. Hier kan gesien word dat pryse gedurende middel Januarie, Februarie en Maart erg onder druk was.

Gedurende hierdie weke was voorraadvlakke hoog en is gehalteprobleme gedurende Januarie en Februarie ervaar. Die prys is dus ook negatief beïnvloed. Hierdie gehalteprobleme is veroorsaak deur klimaatstoestande in die streke wat uitgehaal het.

**Figuur 1: Weeklikse gemiddelde prys vir alle markte en alle klasse.**





## Voorraad teenoor gemiddelde prys


*Figuur 2* dui die daaglikse beskikbare voorrade op varsproduktemarkte (VPM'e) aan teenoor die gemiddelde prys per 10 kg-sakkie (alle klasse en markte). Hieruit is dit duidelik dat gedurende die tydperke wanneer pryse onder druk verkeer het, die daaglikse voorraadvlakke opwaarts beweeg het.

Gedurende die eerste 13 weke van 2021 het die verkope op VPM'e met 3% gestyg vanaf 2020 se ooreenstemmende syfer, aldus *Figuur 3*. Let ook op dat 2021 die hoogste verkoopsyfer vir die laaste vyf jaar realiseer. *Figuur 4* illustreer die maandelikse verkope op VPM'e vanaf 2018.


**Figuur 2: Daaglikse beskikbare voorraad vs. daaglikse gemiddelde prys (alle klasse en alle markte).**



**Figuur 3: Kumulatiewe hoeveelheid 10 kg-sakkies verkoop op markte tot week 13 van elke jaar.**




**Figuur 4: Maandelikse verkope op markte vanaf 2018 tot 2021 (alle verpakkings omgeskakel na 10 kg-sakkies).**




Uit *Figuur 4* kan gesien word dat rekordverkope gedurende Januarie en Februarie 2021 plaasgevind het. Gedurende Maart 2021 was die verkope laer as die vorige twee jaar, maar die gesamentlike verkope (Januarie tot Maart) was steeds hoër as die vier-jaar gemiddeld vir Maart.

*Tabel 1* bevat die aantal sakkies wat gedurende die eerste 13 weke van 2021 deur die verskeie markte verkoop is. Die vyf grootste markte gedurende hierdie tydperk was gesamentlik vir 81% van die land se verkope verantwoordelik.

Die gemiddelde prys (alle klasse en groottes) vir elke mark verskyn ook in *Tabel 1*. Die gemiddelde prys vir hierdie tydperk was R35.29 per 10 kg-sakkie. Uit die vyf grootste markte was die Johannesburg- en Springs-markte se gemiddelde pryse laer as die land se gemiddelde prys. Van Johannesburg se totale verkope was 81% Klas 1-sakkies – die hoogste van alle markte.


**Tabel 1: Verkope op VPM'e tot week 13 van 2021.**

| | | | | % van verkope op VPM'e | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Mark | Aantal 10 kg-sakkies | % van totaal | Gem. prys (R/10 kg) | Klas 1 | Klas 2 | Klas 3 en 4 | Klas 1 M |
| Johannesburg-mark | 11 248 950 | 38.6% | 35.05 | 81% | 14% | 5% | 19% |
| Tshwane-mark | 5 643 811 | 19.4% | 35.77 | 69% | 22% | 9% | 17% |
| Durban-mark | 2 895 477 | 9.9% | 36.06 | 76% | 15% | 9% | 23% |
| Kaapstad-mark | 2 324 339 | 8% | 37.88 | 75% | 22% | 3% | 22% |
| Springs-mark | 1 478 556 | 5.1% | 31.34 | 67% | 23% | 10% | 15% |
| Klerksdorp-mark | 952 426 | 3.3% | 32.31 | 66% | 22% | 11% | 16% |
| Port Elizabeth-mark | 876 595 | 3% | 35.15 | 67% | 22% | 10% | 23% |
| Oos-Londen-mark | 805 257 | 2.8% | 38.14 | 72% | 19% | 9% | 22% |
| Bloemfontein-mark | 763 426 | 2.6% | 36.63 | 71% | 17% | 12% | 17% |
| Pietermaritzburg-mark | 712 583 | 2.4% | 31.21 | 62% | 24% | 14% | 15% |
| Welkom-mark | 613 259 | 2.1% | 35.72 | 60% | 25% | 14% | 13% |
| Vereeniging-mark | 279 743 | 1% | 29.05 | 73% | 16% | 11% | 14% |
| Mpumalanga-mark | 163 287 | 0.6% | 42,71 | 77% | 21% | 2% | 8% |
| Witbank-mark | 141 576 | 0.5% | 37,14 | 69% | 23% | 7% | 11% |
| Nelspruit-mark | 64 707 | 0.2% | 35,02 | 52% | 28% | 20% | 4% |
| Kimberley-mark | 62 513 | 0.2% | 36,13 | 72% | 18% | 10% | 14% |
| George-mark | 55 714 | 0.2% | 39.07 | 76% | 23% | 1% | 15% |
| Kei-mark (Umtata) | 39 193 | 0.1% | 32.47 | 54% | 29% | 17% | 9% |
| Totaal | 29 121 412 | 100% | 35.29 | 74% | 18% | 8% | 19% |

**Tabel 2: Voorsiening aan VPM'e tot week 13 van 2021.**


| | | | | % van verkope op VPM'e | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Streek | Aantal 10 kg-sakkies | % van totaal | Gem. prys (R/10 kg) | Klas 1 | Klas 2 | Klas 3 en 4 | Klas 1 M |
| Oos-Vrystaat | 6 364 255 | 22% | 35.19 | 66% | 23% | 11% | 12% |
| Suidwes-Vrystaat | 5 579 178 | 19% | 36.33 | 79% | 13% | 9% | 23% |
| Noordwes | 4 033 459 | 14% | 36.33 | 81% | 11% | 7% | 17% |
| KwaZulu-Natal | 2 937 772 | 10% | 37.55 | 73% | 21% | 6% | 16% |
| Wes-Vrystaat | 2 572 204 | 9% | 32.01 | 67% | 25% | 8% | 22% |
| Sandveld | 2 047 529 | 7% | 37.81 | 74% | 23% | 3% | 21% |
| Gauteng | 1 978 176 | 7% | 31.39 | 85% | 12% | 4% | 27% |
| Limpopo | 1 092 135 | 4% | 31.71 | 83% | 12% | 5% | 19% |
| Noordoos-Kaap | 808 951 | 3% | 35.94 | 67% | 22% | 10% | 21% |
| Mpumalanga | 786 979 | 3% | 32.21 | 69% | 26% | 5% | 14% |
| Noord-Kaap | 493 952 | 2% | 33.40 | 78% | 19% | 4% | 19% |
| Ceres | 295 298 | 1% | 41.40 | 83% | 10% | 8% | 27% |
| Oos-Kaap | 61 648 | 0.21% | 33.60 | 69% | 24% | 8% | 23% |
| Suidwes-Kaap | 36 780 | 0.13% | 35.63 | 81% | 18% | 1% | 24% |
| Suid-Kaap | 33 096 | 0.11% | 34.61 | 53% | 45% | 2% | 21% |
| Totaal | 29 121 412 | 100% | 35.29 | 74% | 18% | 8% | 19% |

**Figuur 5: Aantal 10 kg-sakkies verkoop (eerste 13 weke) per streek vir 2020 vs. 2021.**





| | Oos-Vrystaat | Suidwes-Vrystaat | Noordwes | KwaZulu-Natal | Wes-Vrystaat | Sandveld |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2020 | 5 328 739 | 6 092 616 | 3 032 669 | 2 955 935 | 2 821 497 | 2 206 936 |
| 2021 | 6 364 255 | 5 579 178 | 4 033 459 | 2 937 772 | 2 572 204 | 2 047 529 |
| Verskil | -1 035 516 | 513 438 | -1 000 790 | 18 163 | 249 293 | 159 407 |

**Figuur 6: Maandelikse verkope van 7 kg-sakkies op markte vanaf 2018 tot 2021.**




**Figuur 7: Johannesburg-mark 2021: Gemiddelde maandelikse prys per 7 en 10 kg (omgeskakel na 7 kg), asook premie verdien op 'n 7 kg-sakkie.**




Die drie grootste streke wat gedurende hierdie tydperk in die mark was, het 55% van die aartappels op markte verkoop, aldus *Tabel 2*. Die Sandveld- en KwaZulu-Natal-markte het van die hoogste gemiddelde pryse (alle klasse en groottes) vir hierdie tydperk gerealiseer. *Tabel 2* illustreer ook die persentasiesamestelling van elke streek se Klas 1, 2, 3 en 4 wat gedurende hierdie tydperk voorsien is.

## OVS en Noordwes neem voortou

Indien ons die ses grootste streke se voorsienings vir 2021 met 2020 vergelyk, is dit duidelik dat twee streke meer en die ander streke minder gelewer het as gedurende die eerste 13 weke van die vorige jaar (*Figuur 5*). Die Oos-Vrystaat en Noordwes het vanjaar sowat 1 miljoen sakkies elk meer gelewer as dieselfde tyd laasjaar, soos in *Figuur 5* aangedui. *Figuur 6* dui die maandelikse verkope van 7 kg-sakkies sedert 2018 aan.

In die eerste drie maande van 2021 was die aantal verkope van 7 kg-sakkies meer as die vier jaar se gemiddelde syfer. In Maart 2021 het die markte heelwat minder 7 kg-sakkies verkoop as in Maart 2020. *Figuur 7* toon weer aan wat die premie vir 'n 7 kg-sakkie op die Johannesburg-mark vir die onderskeie drie maande is. Gedurende Januarie en Februarie 2021 was die premie minder as R2 per 7 kg-sakkie. Gedurende Maart 2021 het die premie egter na R5.14 per 7 kg-sakkie verhoog. C

Vir meer inligting, kontak Janó Bezuidenhout by jano@potatoes.co.za of Pieter van Zyl by pieter@potatoes.co.za.